VERBINTENIS TOT VOLHOUBARE VENNOOTSKAP +
EERSTEKLAS AGENTE = **BOERDERYSUKSES**

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

Die skakel tussen jou en ons verbintenis tot vennootskap is ons uithaler-agente.

Op soek na 'n agent:

- wat 24/7 gereed staan om die pad saam met jou te loop, wat sonder skroom in sy motor klim om jou te help met raad en daad, in ruil vir 'n koppie boeretroos?
- wat toegerus is met die jongste kennis en die mees gevorderde tegnologie rakende Laeveld Agrochem se dienste, produkte en presisieboerderymetodes?
- wie se topprioriteit jou boerderysukses is?

JY HET HOM GEKRY!

Wico du Toit

Lichtenburg

Wico du Toit is in Lichtenburg gebore, en het sy skoolloopbaan by Laerskool Lichtenburg en later Hoërskool Lichtenburg voltooi. Hy en sy vrou, Madeli, is in 2016 getroud.

Hy het na skool 'n BCom Ekonomie- en Risikobestuursgraad in Potchefstroom verwerf. Hy het sy nagraadse studies voortgesit en 'n Honneursgraad in BCom Risikobestuur voltooi. Hy het ook onlangs sy Meestersgraad in Risikobestuur voltooi en ontvang einde Mei sy graad. Wico het ook die CropLife-kursus voltooi.

Wico het na sy voltydse studies by NWK se hoofkantoor in Lichtenburg gewerk, waar hy gehelp het om die risikobestuur-afdeling op die been te bring. Hy het in dié tyd waardevolle kennis opgedoen in terme van die moderne boerdery en die somme wat daarmee gepaardgaan.

Sy pa is al vir so lank as wat hy kan onthou in die landbouchemiese bedryf. Hy het destyds vakansies saam met hom rondgery en het só sy liefde vir die landboubedryf ontdek. Hy glo daaraan dat niks ondervinding kan klop nie en probeer tot vandag om alles wat hy by sy pa geleer het toe te pas en saam met hom te vat. Wico geniet dit om tyd saam met sy familie en vriende deur te bring. Min dinge is vir hom so lekker soos 'n groot bosveldvuur op 'n koue wintersnag na 'n dag se jag.

Wico glo boere het met die huidige politieke klimaat, ekonomiese druk en droogtes genoeg om hulself oor te bekommer. "Ek glo ons gaan binnekort 'n draaipunt bereik en ek wil graag deel van daardie opswaai wees. Deur die wye ondersteuningsnetwerk wat Laeveld Agrochem bied, kan ek 'n bietjie druk van die boere afhaal en boerdery weer 'n plesier maak," sê hy.

Volgens Wico bied Laeveld Agrochem 'n groot span kundiges en 'n wye reeks produkte, wat strek vanaf grondregstellings tot by plantvoeding, buffers, benatters, onkruiddoders en plaagdoders. Saam met bogenoemde word spesialisdienste, soos presisieboerderydienste, ook aangebied.

"Aan die einde van die dag is my kliënte se sukses my sukses. Ek wil my besigheid op so 'n manier struktureer dat ek en my kliënte daaruit voordeel trek," vertel hy.

GEWASSE: Mielies, sonneblomme, droëbone, grondbone, sorghum en koring.

AANBIEDING: Oesbeskerming, plantvoeding, presisie dienste

Vir professionele advies kontak: e-pos: wico@laeveld.co.za

Saam boer ons vooruit – Together, cultivating your success